**TEMA:** Die belangrikheid van gehoorsaamheid

**DIE REFLEKSIES VAN DIE BOEK JONA WORD SOMS MIS GEKYK.**

**‘N GENADIGE GOD WAT ‘N BOODSKAP HET VIR DIE HEIDENE, MAAR SY BOODSKAPPER IS ONWILLIG EN SKOP VAS.**

**WIE WAS JONA?**

**SEUN VAN AMITAI**

“Hy het die grense van Israel herstel, van Lebo-Hamat af tot by die see
in die Jordaanvallei. Dit was in ooreenstemming met wat die Here die God
van Israel gesê het deur sy dienaar Jona seun van Amittai …”
***2 Konings 14:25a (AFR83)***

“Die woord van die Here het tot Jona seun van Amittai gekom …”
***Jona 1:1a (AFR83)***

**HULLE HET ‘N WOORD ONTVANG BINNE ‘N SPESIFIEKE REALITEIT.**

“Die woord van die Here het tot Jona seun van Amittai gekom: “Maak klaar,
gaan na die groot stad Nineve toe en spreek hom aan, want Ek weet hoe sleg hy is.”
Maar Jona het klaargemaak om na Tarsis toe te vlug, weg van die Here af.
Jona is af Joppe toe, en daar het hy 'n skip gekry wat op vertrek was Tarsis toe.
Hy het vir die reis betaal en aan boord gegaan om saam met die bemanning
Tarsis toe te gaan, weg van die Here af.”
***Jona 1:1-3 (AFR83)***

1. **God se opdrag daag ons uit.**

2. **Ons vlug soms.**

“Tarsis het vir jou handel gedryf, want jy het baie te verruil gehad;
hulle het jou handelsware verruil vir silwer, yster, tin en lood.”
***Esegiël 27:12 (AFR83)***

“Tarsisskepe het jou goedere op handelstogte vervoer.
Jy het ryk geword en baie mag gekry op die diepsee …”
***Esegiël 27:25 (AFR83)***

“Die silwerbeslag kom uit Tarsis …”
***Jeremia 10:9a (AFR83)***

“Huil, bemannings van die skepe wat op pad is Tarsis toe,
want die stad waarvan julle afhanklik was, is verwoes.”
***Jesaja 23:14 (AFR83)***

**Wat is jou Tarsis-skepe?**

3. **As ons luister verbaas God ons.**

“Jona het die stad ingegaan en 'n dag lank daar rondgestap en toe roep hy:
“Nog net veertig dae en Nineve word verwoes!””
***Jona 3:4 (AFR83)***